Oordenking
14 Desember 2009

Advent: Die Jesus-kind oorwin ons vyand

Dwarsdeur die duisende jare van die geskiedenis van Israel het Satan alles probeer om te keer dat die beloofde Messias eendag uit Israel gebore sal word. Natuurlik het hy nie geslaag nie. Natuurlik het God sy belofte gehou om 'n Verlosser te stuur wat ons van ons sondes en vyande sal verlos.

En toe Hy gebore is, het Satan probeer om sy verlossingswerk te keer
-Wie kan die bose koning Herodus vergeet wat al die klein seuntjies in Betlehem laat doodmaak het? Maar Jesus was veilig deur God bewaar van die bose aanval.
-En toe Jesus sy bediening begin het, het Satan vir 40 dae probeer om Hom te verlei om 'n koninkryk te aanvaar sonder om die pad van die kruis te volg. Maar die bose het misluk.
-In die duisternis en eensaamheid van Getsemane het Satan na Jesus toe gekom met die versoeking om nie ons sonde te dra nie. Alles tevergeefs.

Vandag is gelowiges en die kerk steeds onder aanslag van die bose.
Oor en oor kom versoeking en verleiding om die enigste Here en Christus te verlaat en vryheid en lewe elders te soek.
En oor en oor word Satan gekeer deur Gods genade.
Jesus bly elke dag Oorwinnaar. En wanneer Hy weer kom sal Hy elkeen van sy vyande finaal vernietig.
Oor en oor bly ons vyand ons aanval en
elke keer sal die vyand misluk!
Elke keer kom die vyande van die Kerk en van Christus onder die oordeel en vernietiging van ons Heer.

Openbaring 12 : 10 -11:
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het.
Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam
en die boodskap waarvan hulle getuig het."